Preek 10 Mei 2020.     Moedersdag

Liedjie: O, Heer my God

**Votum en Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

Vandag is Moedersdag! Vandag dink baie van ons aan ons ma's en baie van julle is soos ek baie dankbaar vir die wonderlike ma's wat ons het of gehad het.

- Sommige van julle is self ma's en hoewel ma-wees een van die grootste voorregte is, is dit nie altyd maklik nie.
- Ek lees hierdie week van 'n ma wat dit nie maklik gehad het nie. Sy het op 12 onbepland swanger geraak met haar eerste kind.
- Sy het besluit om die kind te hou en groot te maak.
- Toe hierdie kind 12 was, het hy weggeraak en toe sy hom uiteindelik kry, sê hy vir haar dat hy nou 'n ander huis het.
- 'n Jaar later is haar man dood en moes sy die kinders self groot maak toe was sy maar 24·
- Toe sy later by 'n troue was het haar oudste kind haar sommer as "Vrou" aangespreek – nie ma of moeder nie. Meer nog: "Wat het ek met jou te doen?".
- Toe sy 'n rukkie later met hierdie kind van haar wil gaan praat terwyl hy by sy vriende is, laat hy haar: "My vriende is nou my ma en boeties en sussies."
- Toe haar kind die hoogtepunt van sy lewe bereik, laat weet hy haar dat een van sy vriende nou maar haar kind kan wees.

**Familie en Vriende – Wie weet wie hierdie ma is waarvan ek nou praat?**

**Wie is hierdie ma?**

MARIA – JESUS SE MA:

Eerste keer: Kry berig dat sy 'n seun gaan hê – nog nie getroud nie, waarskynlik 12, waarskynlik gereëlde huwelik daarom wil Josef verlowing verbreek, Josef is waarskynlik 14 of 15 – die ouderdom waarop Joodse mans getrou het

TENSY hulle pa voor dit dood is, dan moes oudste seun na ma kyk Daarom trou Jesus nie – sy pa is dood en Hy moet na sy ma kyk

Op 12 bly Jesus in die tempel agter – dit is my huis! 'n Ma se hart....

**Lukas 2:48-49:**

- **48 Toe sy ouers Hom sien, was hulle verslae, en sy moeder sê vir Hom: "Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het met angs na jou gesoek."**
- **49 Maar Hy antwoord hulle: "Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?"**

Eerste wonderwerk in Kana: Noem hierdie kind haar VROU....

**Johannes 2:3-5:**

- **3 En toe daar wyn kortkom, sê die moeder van Jesus vir Hom: Hulle het geen wyn nie.**
- **4 Jesus sê vir haar: Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie.**
- **5 Sy moeder sê vir die dienaars: Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen.**

**Markus 3:31-35:**

- **31 Sy moeder en sy broers het toe gekom. Hulle het buite bly staan en 'n boodskap na Hom toe gestuur om Hom te roep.**
- **32 'n Menigte mense het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: "Kyk, u moeder en u broers en u susters daar buite soek U."**
- **33 Maar Hy sê vir hulle: "Wie is my moeder en my broers?"**
- **34 Hy het die mense aangekyk wat in 'n kring om Hom sit en gesê: "Hier is my moeder en my broers!**
- **35 Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder."**

HARDE woorde: Wie is my ma? Dit was sy verantwoordelikheid! Tog: almal wat my woorde glo is my ma en broer en suster MAAR Hy hou sy verantwoordelikheid – woorde aan die kruis:

**Johannes 19:25-27:**

- **25 By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan.**
- **26 Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun."**
- **27 Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem**. "Seun, daar is jou ma. Vrou, daar is jou seun." Johannes neem nou Jesus se verantwoordelikheid as oudste seun oor. Hy sorg nou vir Maria tot haar dood in Efese.
- Laaste keer: Handelinge 1:14 – sy is saam met die dissipels gefokus op gebed. 14 Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.

Prediking

**1. Die lewe is nie bepland nie, maar is beheersd (Volg belangriker as weet)**

Maria het nie 'n idee gehad van wat vir haar voorlê nie, maar sy was gewillig. As die Here weet wat Hy doen, hoef ek nie.

- Geloof gaan oor volg en nie oor verstaan nie.
- Dit gaan oor vashou en nie voorspel nie.
- Dit gaan oor luister en nie oor sien nie
- roeping in plaas van visie.

**2. Fisiese verhoudinge is belangrik – hou dit in stand (familie, vriende)**

Hoe gaan dit met jou verhouding met jou ma? En pa? En boeties en sussies en kinders?

As ek jou 'n skaal van 1 tot 10 gee en vra om jou verhouding met jou kinders te evalueer en 1 is baie sleg en 10 uitstekend waar sou jy as ouer sê lê jou verhouding met jou kinders?

Ouers, waar lê julle verhoudings met mekaar?

**3. Geestelike verhoudinge is belangriker – in Jesus is dit nuut (broers, susters, ma's, pa's)**

Hier rondom jou is jou ma en jou broers en jou susters. En jy is hulle s'n! Wees nou ma's vir mekaar!

Familie en vriende die rede waarom ek vanoggend gefokus het op Maria die Moeder van Jesus, was juis oor hoe lief sy Hom gehad het. Tot aan die einde, daar waar Jesus gekruisig is vir jou en my sonde. Tot daar het sy die pad saam Hom gestap en glo ek sou sy met alles in haar die pad vir Jesus wou ligter maak.

Jesus Christus die Seun van God dra Sy kruis oppad om gekruisig te word en 'n Moeder kyk hulpeloos na die toneel wat afspeel voor haar oë.

Ek is seker dat enige ma, Moeder of vrou met my sal saamstem dat dit is die lengtes waartoe hulle bereid is om te gaan vir hulle kinders.

Daarom is dit my gebed op 'n oggend soos hierdie dat julle moederdag nie net sal sien as 'n mooi dag waar ons vir mamma bederf nie, maar dat ek ons sal terugkyk op ons lewens en sal sien waar die Here teenwoordig was in ons moeders se lewens en hoe ons moeders met alle hoop, en moed en pyn en smart watokal ons ervaar het, steeds die pad saam ons stap.

Net soos die Here nooit sal opgee op sy kinders nie, so glo ek sal 'n Moeder wat met moederliefde lewe, nooit opgee op haar kinders nie.

Die mooi deel van die verhaal van Jesus en Moeder Maria kom in wanneer Jesus vir die geliefde dissipel wat saam Hom was tot die einde toe sê: Kyk daar is jou Moeder sorg vir haar en vir Maria sê daar is jou seun!

Dink vanoggend na oor hierdie woorde: Jesus sê eintlik vir hulle kyk na mekaar, wees daar vir mekaar en wees lief vir mekaar.

Ek glo dat dit die wil ons Here is dat ons verby die slegte moet kyk en na die goeie en die potensiaal van ons naaste! Ons opdrag is om Sy woord groot, duidelik en sigbaar te maak in hierdie wêreld.

Daarom kom ons gaan kyk rondom ons vir 'n slag en sien mekaar raak,vir wie en ons is van mekaar! Kerkwees is familie wees, ons is mekaar se boeties en sussies en ma's en pa's!

Kom ons gaan wees:

- Familie wat omgee, familie wat in hoop lewe, familie wat mekaar aanmoedig en sê kom ons gaan wees die Hoop wat ons van geleer is.
- Familie is kosbaar daarom moet ons mekaar liefhê en altyd by mekaar staan.

Familie ek los julle met hierdie een gedagte!

- Omdat Jesus jou eerste liefgehad het, moet ons in liefde gaan leef.
- Omdat Jesus Volhard het in sy roeping, en doel as die Messias, moet ons Volhard in ons verhoudings met die Here en met mekaar!
- Mag ons met nuwe oë na mekaar kyk en mag ons God se teenwoordigheid orals rondom ons ervaar!

Amen.

**Gebed**

**Slotlied** – My pa is die Koning

**Seëngroet**

Die HERE sal jou seën en julle beskerm;
Die HERE sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;
Die HERE sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.
Amen